

## NASIENRIGLYNE

<b>EKSAMEN</b>	<b>NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT</b>
<b>GRAAD</b>	12
<b>DATUM</b>	JUNIE 2024
<b>VAK</b>	REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE
<b>VRAESTEL</b>	2
<b>MARK TOTAAL</b>	150
<b>DUUR (URE)</b>	3
<b>AANTAL BLADSYE</b>	16



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE  
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



## NASIENRIGLYNE

- Gaan gereeld terug na die vrae en merkriglyne gedurende die merksessie.
- Dit is raadsaam om die vraag gereeld te lees (en te herlees) saam met die kandidaat se antwoord om te verseker dat dit ooreenstem, sodat jy nie deur die kandidaat se stellings/antwoorde mislei word nie.
- Moenie op sleutelwoorde of algemene stellings fokus nie, maar lees eerder die volledige antwoord. Indien jy twyfel lees die volledige antwoord en dan die vraestel en nasienriglyne.
  - Vra jousef of die IM of HM of die antwoord by die merkriglyne 'pas' voordat die korrekte punte aan die kandidaat toegeken word:
    - Byvoorbeeld, die nasienriglyne dui aan 'goedkoop' en die leerder antwoord 'minder duur'; en 'uitwis' en die kandidaat se antwoord is 'uitvee', 'verwyder', ens.
- Pasop vir oorvleuelende antwoorde vir 'n spesifieke vraag. Oor die algemeen word EEN punt per feit toegeken.
- Alle nasien moet in **rooi pen** gedoen. Interne moderering word in **swart pen** gedoen; moderering deur SACAI word in **groen pen** gedoen terwyl Umalusi met **pers pen** modereer.
- Punte word deur 'n regmerk "✓" aangedui direk bo die betrokke sleutelwoord. In die geval van twee punte per feit moet twee regmerke "✓✓" aangedui word. MOENIE die regmerk aan die einde van die reël (sin) of paragraaf aanbring NIE. Merk verkeerde antwoorde met 'n kruis (X) of onderstreep die verkeerde sinne.



## AFDELING A

VRAAG 1: PAS ITEMS			
1.1	H	✓	(1)
1.2	O	✓	(1)
1.3	M	✓	(1)
1.4	I	✓	(1)
1.5	E	✓	(1)
1.6	J	✓	(1)
1.7	T	✓	(1)
1.8	A	✓	(1)
1.9	P	✓	(1)
1.10	S	✓	(1)
<b>[10]</b>			

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE			
2.1	A	✓	(1)
2.2	A	✓	(1)
2.3	B	✓	(1)
2.4	D	✓	(1)
2.5	B	✓	(1)
<b>[5]</b>			

### VRAAG 3: WAAR/ONWAAR

Nota aan merker: Moenie 'n punt toeken indien die sin verander is nie, slegs die onderstreepte term mag verander word indien die kandidaat aangedui het dat die stelling onwaar is.

3.1	Onwaar, FTP	✓	(1)
3.2	Onwaar, opname/vraelys ('survey/questionnaire')	✓	(1)
3.3	Onwaar, kopiereg	✓	(1)
3.4	Onwaar, aspek ('aspect')	✓	(1)
3.5	Onwaar, multi-touch	✓	(1)
3.6	Waar	✓	(1)
3.7	Onwaar, IvD (Internet van Dinge) ('IoT/Internet of Things')	✓	(1)
3.8	Onwaar, outonoom ('autonomous')	✓	(1)
3.9	Waar	✓	(1)
3.10	Waar	✓	(1)
<b>[10]</b>			

**TOTAAL AFDELING A: [25]**



## AFDELING B

### VRAAG 4: STELSELTEKNOLOGIEË

- 4.1 **Medium gebruik deur strepieskode en RFID**  
 RFID gebruik radiogolwe ✓  
 Strepieskode gebruik liggolwe ✓ (2)
- 4.2 4.2.1 **Wat is 'n dienspakket?**  
 'n Dienspakket is 'n kombinasie van opdatings wat in een pakket vrygestel word ✓ (1)
- 4.2.2 **Waarom dienspakkette nie algemeen in Windows 10 en 11 is nie**  
 Gebruikers word gedwing om Windows op te dateer sodra opdatings vrygestel word. ✓ (1)
- 4.3 **Toestelle wat deur SOHO en mobiele gebruikers gebruik word**  
 SOHO-gebruiker: Gebruik 'n rekenaar of skootrekenaar ✓  
 Mobiele gebruiker: Gebruik 'n slimfoon/tablet/ander handtoestel (mobiele) toestel ✓ (2)
- 4.4 **Inligting van POS**
- Voorraad: Meer doeltreffend/maak voorsiening vir die opsporing van goedere/voorraadvlakke
  - Produkdata: pryse, kodes
  - Verkoopsdata: ontleding van verkoopsdata/tendense
  - Finansiële verslagdoening
  - Personeelprestasie
  - Kliënt tendense
- Enige twee ✓✓ (2)
- 4.5 **TWEE nadele van die gebruik van QR-kodes**
- Kan vir kwaadwillige doeleindes gebruik word/maak kwaadwillige webwerwe oop.
  - Moet 'n internetverbinding hê.
  - Moet 'n mobiele/draagbare toestel met 'n kamera hê.
  - Dit kan baie data gebruik as jy na 'n webwerf herlei word wat video outomaties speel.
  - Mense is nie vertrou met die gebruik van QR-kode nie/Mense is nie vertrou met hierdie tegnologie nie.
- Enige twee ✓✓ (2)
- 4.6 **Opgradeer op na die nuutste Android-weergawe**
- Nuwer sekuriteitsfunksies/opdatings.
  - Nuwe funksies.
  - Sommige nuwe toepassings werk nie op ou Android-weergawes nie.
  - Maak foute reg.
- Enige drie ✓✓✓ (3)



- 4.7 4.7.1 **Beskrywing: Ekstranet**  
 'n Ekstranet bied beheerde toegang✓ aan mense wat nie vir 'n maatskappy werk nie✓ (gemagtigde kliënte, verskaffers, vennote, ens.). (2)
- 4.7.2 **Negatiewe impak van tegnologie op die werkplek**
- Tegnologie is die grootste rede vir afleiding bv. konstante kennisgewings.
  - Impak op indiensneming (minder ongeskoolde werksgeleenthede).
  - Altyd-aan-leefstyl (werksure het toegeneem as gevolg van verbinding na-ure).
  - Tegnologiese mislukkings (geen lewenslange waarborge op masjiene nie).
  - Mense raak minder kreatief (tegnologie stel ons in staat om baie van die tegniese werk te outomatiseer).
- Enige twee ✓✓
- Nota: Daar is baie negatiewe impakte wat die kandidaat mag gee, die bogenoemde impakte moet as riglyne gebruik word. Ken 'n punt toe as die kandidaat 'n negatiewe impak gee wat nie hierbo gelys is nie.* (2)
- 4.7.3 **Tele-pendel en intranetverhouding**  
 Werknemers wat van tele-pendel gebruik maak, sal die intranet gebruik ✓ om toegang tot die maatskappy-inligting te kry. ✓ (2)
- 4.8 **Installeer OS op SSD of hardeskyf en motivering**  
 SSD ✓  
**Rede:**
- Rekenaar sal vinniger laai.
  - Toepassings en lêers wat op SSD gestoor is, sal vinniger laai.
  - Beter oordragspoed en toegangstye ('access time').
  - Meer betroubaar omdat daar geen bewegende meganiese onderdele is nie.
- Enige een ✓ (2)
- 4.9 4.9.1 **Keuse tussen AR en VR en motivering**  
 AR ✓  
**Rede:** Dit plaas visuele en ouditiwe inligting bo-op die ware wêreld ervaring en gee die toeris bykomende inligting oor hul omgewing. ✓ (2)
- 4.9.2 VR ✓  
**Rede:** Dit is nie moontlik vir die student om die internasionale ruimtestasie fisies te besoek nie. Hy sal 'n 3D-beeld/video van die ruimtestasie bekyk. ✓ (2)

[25]



## VRAAG 5: NETWERK- EN INTERNET TEGNOLOGIEË

- 5.1 **Spoofing**  
Die stuur van e-pos boodskappe met 'n vervalste sender adres, wat die e-pos laat lyk of dit van iemand is wat dit nie is nie. ✓ (1)
- 5.2 **Wolkrekenarisering stel gebruikers in staat om geld te spaar**  
Die gebruiker hoef nie 'n rekenaar met hoë spesifikasies te hê nie. ✓  
Alle verwerking word op 'n afgeleë bediener gedoen. ✓ (2)
- 5.3 5.3.1 **Geen klank en video tydens videokonferensie nie**
- Privaatheid: beskerm jou privaat omgewing/private gesprekke ens.
  - Bandwydte en stabiliteit: video kan dalk bandwydte neem, en dit kan lei tot 'videobuffering'.
  - Afleidings: vergaderings kan onderbreek word deur klanke/praat.
- Enige twee ✓✓ (2)
- 5.3.2 **Deelnemer kan nie by die vergadering aansluit nie**
- Skansmuur ('firewall') kan die verbinding blokkeer.
  - Verkeerde vergaderingbesonderhede: Verkeerde vergadering-ID/wagwoord/Vergadering kapasiteit bereik.
  - Vergadering toegang beperkings: organiseerder het moontlik spesifieke toegangstoestemmings ingestel.
  - Nie genoeg bandwydte nie/stadige internetverbinding.
- Enige een ✓ (1)
- 5.4 5.4.1 **Waarom 'n verspreidingslys gebruik**
- 'n Boodskap kan gelyktydig aan verskeie ontvangers gestuur word.
  - Nie nodig om baie adresse afsonderlik te tik nie.
- Enige een ✓ (1)
- 5.4.2 **Ontvanger in verspreidingslys het nie boodskap ontvang nie**
- Die ontvanger se e-posbus ('mailbox') is vol.
  - Probleme met die e-posbediener.
  - Te veel ontvangers op die verspreidingslys.
  - Data CAP is uitgeput/Geen internettoegang nie.
- Enige twee ✓✓ (2)
- 5.5 **Is 'torrent' onwettig?**  
Nee, ✓ die lêers wat gedeel word, kan gratis/vryware wees. ✓ (2)
- 5.6 **Dateer skansmuur in drukker op**  
'n Drukker het nie 'n skansmuur ('firewall') nie ✓ en jy dateer nie 'n skansmuur op 'n daaglikse basis op nie. ✓ (2)



### 5.7 **Gebruik 'n kabelnetwerk in plaas van draadlose netwerk**

- Sekuriteit: beter sekuriteit/nie so maklik of waarskynlik om gekaap te word nie.
- Spoed en werkverrigting: beter werkverrigting/groter spoed (potensieel)/minder vertraging/groter stabiliteit van sein.
- Inmenging: minder inmenging van eksterne bronne, bv. fluoresserende ligte en ander elektroniese toestelle.
- Bykomende toerusting soos toegangspunte is nie nodig nie.

Enige twee ✓✓ (2)

**[15]**



## VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

### 6.1 Drie sigbladkenmerke wat ideaal is vir ontleding

- Grafieke
- Funksies/Formules
- Voorwaardelike formatering
- Filters
- 'What If'? ontleding

Enige drie ✓✓✓ (3)

### 6.2 Aanduiding dat inligting op die webwerf nie akkuraat is nie

- Die inligting kan nie deur ander bronne bevestig word nie/geen bibliografie nie.
- Die skrywer is nie 'n gesag op die gebied nie/Die skrywer is onbekend.
- Die inligting is nie aktueel nie/Publikasiedatum kan nie vasgestel word nie.
- Vooroordeel is duidelik in die inligting.
- Swak taalgebruik/Spel- en grammatikafoute, ens.

Enige twee ✓✓ (2)

### 6.3 Hoekom nie aanlyn opname doen nie

- Beperkte deelnemers: Deelnemers het moontlik nie toegang tot rekenaar of die internet nie.
- Deelnemers weet dalk nie hoe om rekenaars te gebruik nie.
- Tegniese kwessies/probleme kan deelnemers verhoed om aanlyn opname te voltooi.

Enige twee ✓✓

(2)

*Nota: Enige relevante antwoord waarom mense dalk nie die opname aanlyn kan voltooi nie.*

### 6.4 Voorkom tikfoute in opname

Gebruik 'n aftreklys/kombinasieboks ✓

Gebruik 'n lyskassie ✓

(2)

### 6.5 Navrae nuttig in die ontleding van data

- Spesifieke inligting kan onttrek word op grond van sekere kriteria.
- Berekeninge kan gedoen word.
- Data validering kan gedoen word.

Enige een ✓

(1)

**[10]**



## VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

### 7.1 Nadele van reklameware

- Kwaadwillige sagteware kan binne advertensieware versteek word.
- Kan data/'cap'/databundel opgebruik.
- Deurblaai kan stadig word.
- Vertraag die (algehele) werkverrigting van die rekenaar.
- Veiligheidsrisiko.
- Kommer oor privaatheid.

Enige twee ✓✓ (2)

### 7.2 Inligtingoorlading en uitwerking op produktiwiteit

Inligtingoorlading is 'n toestand waar 'n mens oorweldig word deur die hoeveelheid data wat aangebied word vir 'n mens se aandag of verwerking.

✓

#### EN

- Tyd word gemors om sin te probeer maak uit die data.
- Die gebruiker is minder produktief.
- Gebruiker word maklik afgelei.

Enige een ✓ (2)

### 7.3 EEN manier waarop e-leer mense kan motiveer om te leer

- Onmiddellike terugvoer/assessering.
- Element van 'kompetisie' (ding mee teen jousef en ander).
- Kan teen jou eie pas werk (die druk om by 'n vaste skedule te hou is nie meer daar nie).
- Kan aanlyn saamwerk/kennis met ander deel.
- Toegang tot en interaksie met interessante multimedia-inhoud.
- Kan instruksies/assessering baie keer herhaal, ens.

Enige een ✓ (1)

### 7.4 Rekenaars wat op afstand beheer word deur misdadigers

Botnet ✓

Zombie ✓

(2)

### 7.5 Funksie van virtuele assistent sagteware

Die sagteware maak dit vir jou moontlik om (in 'n natuurlike stem) met jou rekenaar/toestel te praat, en dit 'verstaan' dan wat jy sê (gebaseer op die konteks) en reageer daarop. ✓

(1)

#### 7.6.1 Patroon nie veilig nie

- Mense kan die patroon sien wat jy teken as hulle oor jou skouer kyk.
- Mense kan die patroon naspoor deur die merke wat jou vingers op die skerm gelaat het.
- Beperkte aantal patrone beskikbaar/Meer opsies vir wagwoorde.

Enige een ✓ (1)



7.6.2 **Veiliger patroon**

Die lyne tussen die kolle word nie gewys terwyl jy die patroon teken  
nie. ✓

(1)

**[10]**



## VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING

- 8.1 **Identifiseer fout**  
Bgcolour moet bgcolor wees ✓ (1)
- 8.2 8.2.1 **Doel van spoorveranderings ('track changes')**  
Spoorveranderings is die woordverwerkingsfunksie wat gebruik kan word om die veranderinge aan te dui wat aan 'n dokument gemaak is. ✓ (1)
- 8.2.2 **Voordeel van spoorveranderings ('track changes')**
- Dit teken elke verandering aan sonder om dit permanent te maak.
  - Die veranderinge wat gemaak is, kan gesien word deur alle mense wat aan die dokument werk.
  - Veranderinge wat gemaak is kan aanvaar of verwerp word met 'n enkele klik/minder tik.
- Enige een ✓ (1)
- 8.3 8.3.1 **Omskakeling van lêer**  
Uitvoer ('export') ✓ (1)
- 8.3.2 **Identifiseer tipe lêer**  
CSV/comma separated values ✓ (1)
- 8.3.3 **Hoekom uitvoer na csv-lêer**  
Makliker om in ander programme in te voer/baie ander programme kan CSV-lêers lees. ✓  
Inhoud van lêer kan gelees word deur enige program wat 'n tekstlêer kan oopmaak. ✓ (2)
- 8.4 8.4.1 **Wat word navraagveld genoem wat nie in die tabel ingesluit is nie**  
Berekende veld ('calculated field'). ✓ (1)
- 8.4.2 **Waarom is die veld nie in die tabel sigbaar nie?**  
Berekende velde bestaan slegs in die navraag/dit word geskep wanneer die navraag uitgevoer word en vernietig wanneer die navraag gesluit word. ✓ (1)
- 8.4.3 **Sintaksis om TotalCost te bepaal**  
TotCost: ✓ [Price\_Prys]\*1.15 ✓  
OF TotCost: ✓ [Price\_Prys] + [Price\_Prys]\*0.15 / 15/100 ✓ (2)
- 8.5 8.5.1 **NOW() funksie**  
Die NOW()-funksie sal die huidige datum en tyd terugstuur. ✓ (1)

*Nota: Beide datum en tyd moet ingesluit word*



**8.5.2 How to display the correct result**

Verander die datatipe na kort/lang datum. ✓

(1)

**8.6 Verduidelik die VLOOKUP-funksie**

Die waarde wat in A8 ingevoer is, sal in A2 tot D6 gesoek word. ✓ As die waarde gevind word, sal die waarde in die 3de kolom (van A2 tot D6) vertoon word. ✓

(2)

**[15]**



## AFDELING C

### VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

#### 9.1 Voorkoming

Dit probeer die installering van kwaadwillige programmatuur voorkom. ✓ (1)

#### 9.2 Nadele van e-leer

- Potensiële gebrek aan leiding/insette/terugvoer/monitering van onderwyser.
- Afhanklik van internettoegang.
- Gevoelens van geïsoleerdheid/gebrek aan menslike kontak/gebrek aan sosialiseringvaardighede.
- Gesondheidsverwante bekommernisse ('Lang ure se sit'), ens.

Enige twee ✓✓ (2)

#### 9.3 9.3.1 Verduidelik uitvissing

Uitvissing is enige poging om 'n gebruiker te mislei ✓ om sensitiewe inligting te gee. ✓ (2)

#### 9.3.2 Antivirus voorkom uitvissing

- Dit kan 'n e-pos van 'n vermeende bron blokkeer.
- Dit kyk na algemeen gebruikte frases in uitvissingpogings.
- Dit kyk na die skakel in die pos en kyk of dit na 'n kwaadwillige webwerf herlei.

Enige twee ✓✓ (2)

#### 9.4 Bitcoin-mynbou word nie as groen rekenaars beskou nie

- Energieverbruik: gebruik oormatige hoeveelhede energie.
- Koolstofvoetspoor.

Enige een ✓ (1)

#### 9.5 Webblad maak oop in Notepad

Die lêer word gestoor as 'n tekstlêer nie as html-lêer nie. ✓  
Die verstekprogram om html-lêers oop te maak, is op Notepad gestel. ✓ (2)

#### 9.6 HTML sel opvulling en sel spasiëring

A: Sel-opvulling ('cellpadding') ✓ – die spasie tussen die teks en die selrante ✓  
B: Sel-spasiëring ('cellspacing') ✓ – die spasie tussen elke sel ✓ (4)

#### 9.7 9.7.1 Kriptogeldeenheid private sleutel/beursie verlore

Alle fondse sal verlore gaan, kan nooit verhaal word nie. ✓ (1)

#### 9.7.2 Blockchain word geklassifiseer as watter tipe toepassingsagteware

Databasis ✓ (1)

#### 9.7.3 Waarom mense nie krypto-geldeenhede koop nie

(1)



Mense het nie kennis/is nie opgelei in kripto-geldeenhede nie/vertrou  
nie kripto-geldeenhede nie. ✓

9.8 **Geen sein oral in die middel nie**

'n Wi-Fi-verlenger/herhaler ('Wi-Fi extender/repeater') moet geïnstalleer word  
✓ (1)

9.9 **Verbindingstegnologieë – nie kables nie**

- Sellulêr (3G/4G/LTE)
- Wi-Fi
- Satelliet

Enige twee ✓✓ (2)

9.10 **Drukker druk nie op Windows 11 nie**

Die drywerprogram van die drukker is nie versoenbaar met Windows 11 ✓ nie.  
Laai 'n nuwe drywer vir die drukker af en installeer dit. ✓ (2)

9.11 9.11.1 **Tegnologie wat 'n gebruiker in kennis stel van 'n inkomende e-pos**

'Push'-kennisgewing ✓ (1)

9.11.2 **TWEE redes om nie aanhangsels outomaties af te laai nie**

- Datagebruik: om (koste van) datagebruik te verminder
- Stoorplek: bespaar stoorplek
- Sekuriteit en privaatheid: aanhegsel kan kwaadwillige programmatuur/virusse wees
- Netwerk: outomatiese aflaai kan die netwerk stadiger maak
- Spaar batterylewe

Enige twee ✓✓ (2)

**[25]**



## VRAAG 10: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

- 10.1 **TWEE beperkings van hommeltuie**
- Batterylewe: Beperk die vliegtyd van die hommeltuig en soms moet jy vele batterye hê.
  - Weerstoestand: Kan nie in sterk winde vlieg nie OF reën of sneeu kan die elektroniese komponente beskadig.
  - Kommunikasieafstand: Moet binne die kommunikasieafstand wees.
  - Reëls en regulasies: Vlugbeperkings, vlughoogte, lisensies, ens.
  - Vaardighede en opleiding: Om 'n hommeltuig te loods vereis vaardighede.
- Enige twee ✓✓ (2)
- 10.2 **Monitor B beter vir speletjies**
- Monitor B het 'n laer (vinniger) ✓ reaksietyd ✓ (2)
- 10.3 10.3.1 **4de IR lei tot groter produktiwiteit**
- Outomatisering ✓ sal lei tot groter produktiwiteit (1)
- 10.3.2 **Vraag na hoogs en laer geskoolde werkers**
- Hoogs geskoolde werkers ✓
- Rede: Hulle het die kennis om die tegnologieë wat in die 4de IR gebruik word te skep en uit te vind. ✓ (2)
- 10.4 **Verander die formaat/uitbreiding van die Word-dokument om slegs te lees**
- Regskliek op die lêer en verander die eienskappe ✓ na lees alleen.
- In die Word-dokument klik 'File' ✓ Stoor as ✓ 'Browse' (opsioneel afhange van Office-weergawe) ✓ 'Tools' ✓ 'General options' ✓ klik Read only recommended-merkblokkie. ✓ (2)
- Nota: Met die tweede metode hoef kandidate slegs 'Save as' of 'Tools' te spesifiseer en op Read only-merkblokkie te klik
- 10.5 **Lêers wys nie op flash drive nie**
- Die (lêer)gids op die flashskyf is versteek. ✓
- Bedryfstelsel is ingestel om nie versteekte lêers te vertoon nie. ✓ (2)
- 10.6 10.6.1 **Toestelbestuur van OS**
- Die bedryfstelsel ✓ bestuur al die hardware of virtuele toestelle van 'n rekenaar. ✓ (2)
- 10.6.2 **Geheuebestuur van OS**
- Hierdie funksie hou tred met die status van alle geheue-liggings ✓ of hulle toegeken/gebruik of beskikbaar is. ✓ (2)



- 10.7 **Beste eksterne toestel om te gebruik**  
 Eksterne SSD ✓  
**EN**
- Data-oordrag na 'n SSD is vinnig
  - SSD is betroubaar
- Enige een ✓ (2)
- 10.8 **Voordeel van mikro-USB**
- Versoenbaarheid: Is standaard op die meeste mobiele toestelle, kan laaiers/verbinding deel.
  - Grootte: Neem minder spasie op/toestel kan kleiner/dunner gemaak word.
  - Oordragspoed: Hoër kraglewering en data-oordragspoed.
- Enige twee ✓✓ (2)
- 10.9 **TWEE redes waarom rante van gedig nie druk nie**
- Drukker is nie in staat om naby die rant te druk nie.
  - Drukkerkantlyn-instellings ignoreer die dokumentkantlyn.
  - Drukker kan nie voorsiening maak vir die gespesifiseerde bladsy grootte nie.
  - Papier word verkeerd inlyn gebring soos dit deur die drukker gaan.
- Enige twee ✓✓ (2)
- 10.10 **Sal UPS krag bespaar?**  
 Nee, ✓ laai van die batterye gebruik krag/die komponente van die UPS gebruik krag ✓ (2)
- 10.11 **Intreevlak rekenaar vs intreevlak skootrekenaar**  
 Baie moeilik of onmoontlik om 'n skootrekenaar op te gradeer (om te voldoen aan die hoër stelselvereistes wat toekomstige sagteware-installasies mag vereis). (1)
- 10.12 **CMYK verwys na**  
 Inkhouders (1)
- [25]**